

24 September

Skrifgedeelte: Johannes 8:3-11

FOKUSGEDEELTE: NGB, ART 20

God se regverdigheid in Christus

Volgens die reëls vir steniging was “die eerste klip” nie sommer ’n stukkie gruis wat iemand iewers van agter af in die rigting van die beskuldigde gegooi het nie. Die eerste klip moes groot wees en deur die aanklaer reg van bo af op die beskuldigde se kop afgebring word. Dit moes verkieslik met soveel geweld gebeur dat die beskuldigde sy/haar bewussyn verloor.

In ons Skrifgedeelte is niemand van die aanklaers se gewete skoon genoeg om dit aan die owerspelige vrou te doen nie. Een vir een, elkeen eensaam met sy gewete, loop hulle weg, en die vrou word alleen agtergelaat (vers 9).

Dit sou nie die eerste keer wees dat hierdie vrou alleen voel nie. Watter alleenheid haar tot owerspel gedryf het, weet ons nie. Verder, hoekom is sy alleen “betrap” en beskuldig? Nou is sy, te midde van ’n skare mense, weer alleen, onder vier oë met Jesus.

Wat ’n vreeslike ervaring! Vir hierdie vrou het die oordeelsdag aangebreek. As sy bang was vir mense wat haar liggaam kan doodmaak moet sy nou vrees, want voor haar staan Hy wat die mag het om liggaam en siel in hel te laat vergaan (Matt 10:28). Wat meer is, sy is SKULDIG!

Tog voltrek Jesus nie die oordeel oor haar nie. Sy optrede hier kan nie sonder die kruis verstaan word nie. Jesus kan die vrou vrysprek NET omdat Hy self bereid is om in haar plek buite die stad (op Golgota) te sterwe. Jesus voldoen self aan die straf wat volgens God se wet regverdig is. Hy doen dit nie net vir die owerspelige vrou nie, maar vir elke sondaar! God se REGVERDIGHEID in Christus beteken juis BARMHARTIGHEID vir my en jou!

Gaan vandag en moenie sonde doen nie! Sonde is duur.

DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)

~~~~~